REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

CARBON TAX ACT

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

WET OP KOOLSTOFBELASTING

No 15, 2019

ACT

To provide for the imposition of a tax on the carbon dioxide (CO_2) equivalent of greenhouse gas emissions; and to provide for matters connected therewith.

PREAMBLE

SINCE the causality of the increasing of anthropogenic greenhouse gas emissions in the atmosphere and the global climate change has been scientifically confirmed;

AND SINCE it has consequently become necessary to manage the inevitable climate change impact through interventions that build and sustain South Africa's social, economic and environmental resilience and emergency response capacity;

AND SINCE it has also become necessary to make a contribution to the global effort to stabilise greenhouse gas concentrations in the atmosphere at a level that avoids dangerous anthropogenic interference with the climate system within a timeframe that enables economic, social and environmental development to proceed in a sustainable manner;

AND SINCE the costs of remedying pollution, environmental degradation and consequent adverse health effects and of preventing, controlling or minimising further pollution, environmental damage or adverse health effects must be paid for by those responsible for harming the environment (the polluter pays principle);

AND SINCE government is desirous to utilise a package of measures in an effort to address the challenges posed by climate change;

AND SINCE this package of measures will be achieved by the deployment of a range of measures to support the system of desired emissions reduction outcomes, including the appropriate pricing of carbon and economic incentives, as well as the use of emissions offsets;

AND SINCE government is of the view that imposing a tax on greenhouse gas emissions and concomitant measures such as providing tax incentives for rewarding the efficient use of energy will provide appropriate price signals to help nudge the economy towards a more sustainable growth path,

BE IT THEREFORE ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

WET

Om voorsiening te maak vir die oplegging van 'n belasting op die koolstofdioksied (CO_2) ekwivalent van kweekhuisgasvrystellings; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

AANHEF

AANGESIEN die oorsaaklikheid van die toename van antropogeniese kweekhuisgasvrystellings in die atmosfeer en die wêreldwye klimaatsverandering wetenskaplik bevestig is;

EN AANGESIEN dit gevolglik nodig geword het om die onvermydelike klimaatsveranderingsimpak te bestuur deur ingrypings wat Suid-Afrika se sosiale, ekonomiese en omgewingsveerkragtigheid en -noodreaksiekapasiteit bou en volhou;

EN AANGESIEN dit ook nodig geword het om 'n bydrae te maak tot die wêreldwye poging om kweekhuisgaskonsentrasies in die atmosfeer te stabiliseer op 'n vlak wat gevaarlike antropogeniese inmenging met die klimaatsisteem vermy binne 'n tydbestek wat ekonomiese, sosiale en omgewingsontwikkeling in staat stel om op 'n volhoubare wyse voort te gaan;

EN AANGESIEN die koste van die regstelling van besoedeling, omgewingsagteruitgang en gevolglike nadelige gesondheidseffekte en van voorkoming, vermyding of beperking van verdere besoedeling, omgewingskade of nadelige gesondheidseffekte betaal moet word deur diegene verantwoordelik vir beskadiging van die omgewing (die besoedelaar-betaal-beginsel);

EN AANGESIEN die regering graag 'n bondel maatreëls wil gebruik in 'n poging om die uitdagings deur klimaatsverandering geskep, die hoof te bied;

EN AANGESIEN hierdie bondel maatreëls bereik sal word deur die ontplooiing van 'n verskeidenheid van maatreëls ter ondersteuning van die sisteem van gewenste vrystellingsverminderingsuitkomste, met inbegrip van die gepaste prysvasstelling van koolstof en ekonomiese aansporings, asook die gebruik van vrylatingsverrekenings;

EN AANGESIEN die regering van mening is dat die oplegging van 'n belasting op kweekhuisgasvrystellings en gepaardgaande maatreëls soos die voorsiening van belastingaansporings om die doeltreffende aanwending van energie te beloon gepaste prysseine sal voorsien om te help om die ekonomie in die rigting van 'n meer volhoubare pad van groei te stoot,

WORD DAAR DERHALWE bepaal deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

ARRANGEMENT OF SECTIONS

Sections

Part I

Definitions and general provisions relating to imposition of carbon tax

1. Definitions
2. Imposition of carbon tax
3. Persons subject to tax
4. Tax base
5. Rate of tax
6. Calculation of amount of tax payable

Part II

Allowances

7. Allowance for fossil fuel combustion
8. Allowance for industrial process emissions
9. Allowance in respect of fugitive emissions
10. Trade exposure allowance
11. Performance allowance
12. Carbon budget allowance
13. Offset allowance

Part III

Limitation of allowances

14. Limitation of sum of allowances

Part IV

Administration, tax period and payment of tax

15. Administration
16. Tax period
17. Payment of tax

Part V

Miscellaneous

18. Reporting
19. Regulations
20. Amendment of laws
21. Short title and commencement

SCHEDULE 1

SCHEDULE 2

SCHEDULE 3

INDELING VAN ARTIKELS

Artikels

Deel I

Woordomskrywings en algemene bepalings met betrekking tot oplegging van koolstofbelasting 5

1. Woordomskrywing
2. Oplegging van koolstofbelasting
3. Persone onderworpe aan belasting
4. Belastingbasis
5. Belastingkoers 10
6. Berekening van bedrag van belasting betaalbaar

Deel II

Toelaes

7. Toelae vir fossielbrandstofverbranding
8. Toelae vir industriële proses-vrystellings 15
9. Toelae ten opsigte van vlugtige vrystellings
10. Toelae vir handelsblootstelling
11. Verrigtingstoelae
12. Koolstofbegrotingstoelae
13. Verrekeningstoelae 20

Deel III

Beperking van toelaes

14. Beperking van som van toelaes

Deel IV

Administrasie, belastingtydperk en betaling van belasting 25

15. Administrasie
16. Belastingtydperk
17. Betaling van belasting

Deel V

Diverse 30

18. Verslagdoening
19. Regulasies
20. Wysiging van wette
21. Kort titel en inwerkingtreding

BYLAE 1 35

BYLAE 2

BYLAE 3

Part I

Definitions and general provisions relating to imposition of carbon tax

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

"allowance" means any amount allowed to be taken into account in terms of Part II, subject to section 14, for the purposes of determining the amount of carbon tax payable;

"carbon budget" means an amount of greenhouse gas emissions permitted, against which direct emissions arising from the operations of a person during a defined time period will be accounted for;

"carbon dioxide (CO_2) equivalent" means the concentration of carbon dioxide that would cause the same amount of radiative forcing (the difference of sunlight absorbed by the Earth and energy radiated back to space) as a given mixture of carbon dioxide and other greenhouse gases;

"carbon tax" means a tax on the carbon dioxide (CO_2) equivalent of greenhouse gas emissions imposed in terms of section 2;

"combustion" means the exothermic reaction of a fuel with oxygen;

"Commissioner" means the Commissioner for the South African Revenue Service;

"emission factor" means the average emission rate of a given greenhouse gas for a given source, relative to the activity data of a source stream assuming complete oxidation for combustion and complete conversion for all other chemical reactions;

"emissions" means—

(a) the release of greenhouse gases or their precursors; or

(b) the release of greenhouse gases and their precursors,

into the atmosphere, over a specified area and period of time;

"emissions intensity" means an indicator of the result of the measurement of the quantity of greenhouse gas emissions in relation to an activity;

"emissions intensity benchmark" means the result of the measurement in respect of an activity that creates greenhouse gas emissions—

(a) expressed as a predetermined value of the quantity of specified greenhouse gas emissions;

(b) in relation to an activity that is differentiated from other activities by means of a product, a type of fuel or a technology; and

(c) compared against the quantity of greenhouse gas emissions,

in relation to an identical activity undertaken by another person;

"fugitive emissions" means emissions that are released into the atmosphere by any other means than through an intentional release through stack or vent including extraction, processing, delivery and burning for energy production of fossil fuels, including leaks from industrial plant and pipelines;

"greenhouse gas" means gaseous constituents of the atmosphere, both natural and anthropogenic, that absorb and re-emit infrared radiation, and includes carbon dioxide (CO_2), methane (CH_4), nitrous oxide (N_2O), hydrofluorocarbons (HFCs), perfluorocarbons (PFCs) and sulphur hexafluoride (SF_6);

"industrial process" means a manufacturing process that chemically or physically transforms materials;

"IPCC" means the Intergovernmental Panel on Climate Change established for the purposes of providing internationally co-ordinated scientific assessments of the magnitude, timing and potential environmental and socio-economic impact of climate change by the United Nations Environment Programme (UNEP) and the World Meteorological Organization (WMO) and endorsed by the United Nations by General Assembly Resolution 43/53 made at the 70th plenary meeting on 6 December 1988;

"IPCC code" means the source code in respect of an activity resulting in the emission of a greenhouse gas as stipulated in the ''Guidelines for National Greenhouse Gas Inventories'' (2006) issued by the IPCC;

"Minister" means the Minister of Finance;

"person" includes—

(a) a partnership;

Deel I

Woordomskrywing en algemene bepalings met betrekking tot oplegging van koolstofbelasting

Woordomskrywings

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"belastingpligtige" 'n persoon aanspreeklik vir die koolstofbelasting ingevolge artikel 3;

"belastingtydperk" 'n tydperk ten opsigte waarvan belasting betaalbaar is soos voorgeskryf kragtens artikel 16;

"industriële proses" 'n vervaardigingsproses wat materiaal chemies of fisies transformeer;

"IPCC" die ''Intergovernmental Panel on Climate Change'' gestig met die doel om internasionaal gekoördineerde wetenskaplike assesserings van die grootte, tydsberekening en moontlike omgewings- en sosio-ekonomiese impak van klimaatsverandering te voorsien deur die ''United Nations Environment Programme (UNEP)'' en die ''World Meteorological Organization (WMO)'' en geëndosseer deur die Verenigde Nasies deur ''General Assembly Resolution 43/53'' gemaak by die 70ste volle vergadering op 6 Desember 1988;

"IPCC-kode" die bronkode ten opsigte van 'n aktiwiteit wat lei tot die vrystelling van 'n kweekhuisgas soos voorgeskryf in die ''Guidelines for National Greenhouse Gas Inventories'' (2006) uitgereik deur die IPCC;

"Kommissaris" die Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens;

"koolstofbegroting" 'n toegelate hoeveelheid kweekhuisgasse wat vrygestel mag word, waarteen regstreekse vrystellings wat voortspruit vanuit die bedrywighede van 'n persoon, tydens 'n omskrewe tydperk in ag geneem sal word;

"koolstofbelasting" 'n belasting op die koolstofdioksied (CO_2) -ekwivalent van kweekhuisgasvrystellings opgelê kragtens artikel 2;

"koolstofdioksied (CO_2) -ekwivalent" die konsentrasie van koolstofdioksied wat dieselfde hoeveelheid stralingsdwang sou veroorsaak (die verskil van sonlig geabsorbeer deur die aarde en energie teruggestraal na die ruimte) as 'n gegewe mengsel van koolstofdioksied en ander kweekhuisgasse;

"kweekhuisgas" gasvormige bestanddele van die atmosfeer, beide natuurlik en antropogenies, wat infrarooi straling absorbeer en hervestig, en sluit koolstofdioksied (CO_2), metaan (CH_4), stikstofoksied (N_2O), hidrofluorokoolstowwe (HFC's), perfluorokoolstowwe (PFCs) en swael heksafluoried (SF_6) in;

"Minister" die Minister van Finansies;

"persoon" ook—

(a) 'n vennootskap;

(b) 'n trust;

(c) 'n munisipale entiteit soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000); en

(d) 'n openbare entiteit gelys in Bylaes 2, 3A, 3B, 3C en 3D by die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

"toelae" enige bedrag toegelaat om in ag geneem te word ingevolge Deel II, behoudens artikel 14, vir die doeleindes om die bedrag koolstofbelasting betaalbaar te bereken;

"verbranding" die eksotermiese reaksie van 'n brandstof met suurstof;

"vlugtige vrystellings" vrystellings wat in die atmosfeer vrygestel word op enige ander manier as deur 'n opsetlike vrystelling deur skoorsteen of luggat insluitend onttrekking, verwerking, aflewering en verbranding vir energieproduksie van fossielbrandstof, insluitend lekkasies uit industriële aanleg en pypleidings;

"vrystellings"—

(a) die vrystelling van kweekhuisgasse of hulle voorlopers; of

(b) die vrystelling van kweekhuisgasse en hulle voorlopers,

in die atmosfeer, oor 'n gespesifiseerde area en tydperk;

"vrystellingsfaktor" die gemiddelde vrystellingskoers van 'n gegewe kweekhuisgas vir 'n gegewe bron, relatief tot die aktiwiteitsdata van 'n bronstroom met 'n veronderstelling van algehele oksidasie vir verbranding en algehele omskakeling vir alle ander chemiese reaksies;

(b) a trust;
(c) a municipal entity as defined in section 1 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No. 32 of 2000); and
(d) a public entity listed in Schedules 2, 3A, 3B, 3C and 3D to the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);

"taxpayer" means a person liable for the carbon tax in terms of section 3; and
"tax period" means a period in respect of which tax is payable as prescribed under section 16.

Imposition of carbon tax

2. There must be levied and collected for the benefit of the National Revenue Fund, a tax to be known as the carbon tax.

Persons subject to tax

3. A person is—
(a) a taxpayer for the purposes of this Act; and
(b) liable to pay an amount of carbon tax calculated as contemplated in section 6 in respect of a tax period as specified in section 16,

if that person conducts an activity in the Republic resulting in greenhouse gas emissions above the threshold determined by matching the activity listed in the column ''Activity/ Sector'' in Schedule 2 with the number in the corresponding line of the column ''Threshold'' of that table.

Tax base

4. (1) The carbon tax must be levied in respect of the sum of the greenhouse gas emissions of a taxpayer in respect of a tax period expressed as the carbon dioxide equivalent of those greenhouse gas emissions resulting from fuel combustion and industrial processes, and fugitive emissions in accordance with the emissions factors determined in accordance with a reporting methodology approved by the Department of Environmental Affairs.

(2) If a reporting methodology approved by the Department of Environmental Affairs for the purposes of determining emission factors does not exist in respect of the calculation of greenhouse gas emissions resulting from fuel combustion, and industrial processes, and fugitive emissions the carbon tax must be levied in respect of the sum of the greenhouse gas emissions of a taxpayer in respect of a tax period expressed as the carbon dioxide equivalent of those greenhouse gas emissions resulting from—

(a) fuel combustion in respect of that tax period that is a number constituted by the sum of the respective numbers determined for each type of fuel in respect of which a greenhouse gas is emitted in respect of that tax period which respective numbers must be determined in accordance with the formula:

$$\mathbf{E = (A \times B)}$$

in which formula—
(i) **"E"** represents the number to be determined;
(ii) **"A"** represents the mass of any one type of the fuel expressed in tonne that is the source of the greenhouse gas emission, other than any fuel utilised for the purposes of international aviation and maritime transport;
(iii) **"B"** represents the greenhouse gas emission factor in carbon dioxide equivalent per tonne that must be determined in accordance with the formula:

$$\mathbf{X = \{(C \times 1) + (M \times 23) + (N \times 296)\} \times D}$$

in which formula—
(aa) **"X"** represents the number to be determined;
(bb) **"C"** represents the carbon dioxide emissions of a fuel type determined by matching the fuel type listed in the column ''fuel type'' in Table 1 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''CO_2 ($KGCO_2$/TJ)'' of that table;

"vrystellingsintensiteit" 'n aanwyser van die uitslag van die meting van die hoeveelheid kweekhuisgasvrystellings met betrekking tot 'n aktiwiteit;
"vrystellingsintensiteit-standaard" die uitslag van die meting van 'n aktiwiteit wat kweekhuisgasse vrystel—

(a) uitgedruk as 'n voorafbepaalde waarde van die hoeveelheid van gespesifiseerde kweekhuisgasvrystellings;
(b) in verband met 'n aktiwiteit wat onderskei is van ander aktiwiteite deur middel van 'n produk, 'n tipe brandstof of 'n tegnologie; en
(c) vergelyk teen die hoeveelheid kweekhuisgasvrystellings,

in verband met 'n identiese aktiwiteit onderneem deur 'n ander persoon.

Oplegging van koolstofbelasting

2. Daar word gehef en ingevorder ten behoewe van die Nasionale Inkomstefonds, 'n belasting wat bekend staan as die koolstofbelasting.

Persone onderworpe aan belasting

3. 'n Persoon is—

(a) 'n belastingpligtige by die toepassing van hierdie Wet; en
(b) aanspreeklik om 'n bedrag van koolstofbelasting te betaal, bereken soos beoog in artikel 6 ten opsigte van 'n belastingtydperk soos vermeld in artikel 16,

indien daardie persoon 'n aktiwiteit in die Republiek uitvoer wat lei tot kweekhuisgasvrystellings bo die drempel bepaal deur die aktiwiteit gelys in die kolom "Aktiwiteit/Sektor" in Bylae 2 by die getal in die ooreenstemmende reël in die kolom "Drempel" van daardie tabel te pas.

Belastingbasis

4. (1) Die koolstofbelasting word gehef ten opsigte van die som van die kweekhuisgasvrystellings van 'n belastingpligtige ten opsigte van 'n belastingtydperk uitgedruk as die koolstofdioksied-ekwivalent van daardie kweekhuisgasvrystellings as gevolg van brandstofverbranding en industriële prosesse, en vlugtige vrystellings in ooreenstemming met die vrystellingsfaktore bepaal in ooreenstemming met verslagdoeningsmetodologie goedgekeur deur die Departement van Omgewingsake.

(2) Indien 'n verslagdoeningsmetodologie goedgekeur deur die Departement van Omgewingsake vir die doeleindes van die berekening van vrystellingsfaktore nie bestaan nie ten opsigte van die berekening van kweekhuisgasvrystellings as gevolg van brandstofverbranding, en industriële prosesse, en vlugtige vrystellings, word die koolstofbelasting gehef ten opsigte van die som van die kweekhuisgasvrystellings van 'n belastingpligtige ten opsigte van 'n belastingtydperk uitgedruk as die koolstofdioksiedekwivalent van daardie kweekhuisgasvrystellings as gevolg van—

(a) brandstofverbranding ten opsigte van daardie belastingtydperk wat 'n getal is saamgestel deur die som van die onderskeie getalle bepaal vir elke tipe van brandstof ten opsigte waarvan 'n kweekhuisgas vrygestel word ten opsigte van daardie belastingtydperk welke onderskeie getalle bepaal word ooreenkomstig die formule:

$$\mathbf{E = (A \times B)}$$

in welke formule—

(i) **"E"** die bedrag verteenwoordig wat bepaal staan te word;
(ii) **"A"** die massa verteenwoordig van enige van een soort van die brandstof uitgedruk in ton wat die bron is van die kweekhuisgasvrystelling, buiten enige brandstof gebruik vir die doeleindes van internasionale lugvaart en seevaart;
(iii) **"B"** die kweekhuisgasvrystellingsfaktor in koolstofdioksied-ekwivalent per ton verteenwoordig wat bepaal word ooreenkomstig die formule:

$$\mathbf{X = \{(C \times 1) + (M \times 23) + (N \times 296)\} \times D}$$

in welke formule—

(aa) **"X"** die getal verteenwoordig wat bepaal staan te word;
(bb) **"C"** die koolstofdioksiedvrystellings verteenwoordig van 'n brandstofsoort bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom "brandstofsoort" in Tabel 1 van Bylae 1 te pas met die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom "CO_2 ($KGCO_2/TJ$)" van daardie tabel;

(cc) **"M"** represents the methane emissions of a fuel type determined by matching the fuel type listed in the column ''fuel type'' in Table 1 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''CH_4 ($KGCH_4$/TJ)'' of that table';

(dd) **"N"** represents the Nitrous Oxide emissions of a fuel type determined by matching the fuel type listed in the column ''fuel type'' in Table 1 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''N_2O (KGN_2O/TJ)'' of that table; and

(ee) **"D"** represents the default calorific value (terajoule per tonne) of a fuel type determined by matching the fuel type listed in the column ''fuel type'' in Table 1 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''DEFAULT CALORIFIC VALUE (TJ/TONNE)'' of that table;

(b) fugitive emissions that is a number constituted by the sum of the respective numbers determined for each type of commodity, fuel or technology in respect of which the greenhouse gas is emitted in respect of a tax period which respective numbers must be determined in accordance with the formula:

F= (N x Q)

in which formula—

(i) **"F"** represents the number to be determined;

(ii) **"N"** represents the mass expressed in tonne in the case of solid fuels or the volume of each type of fuel expressed in cubic metres in the case of fuels other than solid fuels, in respect of the greenhouse gas emission; and

(iii) **"Q"** represents the greenhouse gas emission factor in carbon dioxide equivalent per tonne or cubic metres that must be determined in accordance with the formula:

X = (C x 1) + (M x 23) + (N x 296)

in which formula—

(aa) **"X"** represents the number to be determined;

(bb) **"C"** represents the carbon dioxide emissions of a fuel type determined by matching the fuel type listed in the column ''fuel type'' in Table 2 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''CO_2'' of that table;

(cc) **"M"** represents the methane emissions of a fuel type determined by matching the fuel type listed in the column ''fuel type'' in Table 2 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''CH_4'' of that table;

(dd) **"N"** represents the Nitrous Oxide emissions of a fuel type determined by matching the fuel type listed in the column ''fuel type'' in Table 2 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''N_2O'' of that table; and

(c) industrial process in respect of a tax period that is a number constituted by the sum of the respective numbers determined for each type of commodity, fuel or technology in respect of which the greenhouse gas is emitted in respect of that tax period which respective numbers must be determined in accordance with the formula:

P= (G x H)

in which formula—

(i) **"P"** represents the amount to be determined that must not be less than zero;

(ii) **"G"** represents the mass of each raw material used or product produced expressed in tonne in respect of which the greenhouse gas is emitted in respect of that tax period; and

(iii) **"H"** represents the greenhouse gas emission factor in carbon dioxide emissions equivalent per tonne for each raw material used or product produced that must be determined in accordance with the formula:

X = (C x 1) + (M x 23) + (N x 296) + (H x 11 900) + (T x 5 700) + (S x 22 200)

in which formula—

(aa) **"X"** represents the number to be determined;

(cc) **"M"** die metaanvrystellings verteenwoordig van 'n brandstofsoort bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom ''brandstofsoort'' in Tabel 1 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom ''CH_4 ($KGCH_4$/TJ)'' van daardie tabel;

(dd) **"N"** die stikstofoksiedvrystellings verteenwoordig van 'n brandstofsoort bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom ''brandstofsoort'' in Tabel 1 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom ''N_2O (KGN_2O/TJ)'' van daardie tabel; en

(ee) **"D"** die standaard verbrandingswaarde (terajoule per ton) verteenwoordig van 'n brandstofsoort bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom ''brandstofsoort'' in Tabel 1 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom ''STANDAARD VERBRANDINGSWAARDE (TJ/TONNE)'' van daardie tabel; en

(b) vlugtige vrystellings wat 'n getal is saamgestel deur die som van die onderskeie getalle bepaal vir elke soort kommoditeit, brandstof of tegnologie ten opsigte waarvan die kweekhuisgas vrygestel is ten opsigte van 'n belastingtydperk welke onderskeie getalle bepaal word ooreenkomstig die formule:

F = (N x Q)

in welke formule—

(i) **"F"** die getal verteenwoordig wat bepaal staan te word;

(ii) **"N"** die massa verteenwoordig uitgedruk in ton in die geval van vaste brandstof of die volume van elke soort brandstof uitgedruk in kubieke meter in die geval van brandstof buiten vaste brandstof, ten opsigte van die kweekhuisgasvrystelling; en

(iii) **"Q"** die kweekhuisgasvrystellingsfaktor verteenwoordig in koolstofdioksied ekwivalent per ton of kubieke meter wat bepaal word ooreenkomstig die formule—

X = (C x 1) + (M x 23) + (N x 296)

in welke formule—

(aa) **"X"** die getal wat bepaal staan te word verteenwoordig;

(bb) **"C"** die koolstofdioksied van 'n brandstofsoort verteenwoordig bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom ''brandstofsoort'' in Tabel 2 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom ''CO_2'' van daardie tabel;

(cc) **"M"** die metaan van 'n brandstofsoort verteenwoordig bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom ''brandstofsoort'' in Tabel 2 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom ''CH_4'' van daardie tabel;

(dd) **"N"** die stikstofoksied van 'n brandstofsoort verteenwoordig bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom ''brandstofsoort'' in Tabel 2 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom ''N_2O'' van daardie tabel; en

(c) industriële proses ten opsigte van 'n belastingtydperk wat 'n getal is saamgestel deur die som van die onderskeie getalle bepaal vir elke soort kommoditeit, brandstof of tegnologie ten opsigte waarvan die kweekhuisgas vrygestel is ten opsigte van daardie belastingtydperk welke onderskeie getalle bepaal word ooreenkomstig die formule:

P = (G x H)

in welke formule—

(i) **"P"** die bedrag verteenwoordig wat bepaal staan te word wat nie minder as nul is nie;

(ii) **"G"** die massa van elke grondstof gebruik of produk vervaardig uitgedruk in ton verteenwoordig ten opsigte waarvan die kweekhuisgas vrygestel is ten opsigte van daardie belastingtydperk; en

(iii) **"H"** die kweekhuisgasvrystellingsfaktor in koolstofdioksied vrystellingsekwivalent per ton verteenwoordig vir elke grondstof gebruik of produk vervaardig bepaal ooreenkomstig die formule:

X = (C x 1) + (M x 23) + (N x 296) + (H x 11 900) + (T x 5 700) + (S x 22 200)

in welke formule—

(aa) **"X"** die getal wat bepaal staan te word verteenwoordig;

(bb) **"C"** represents the carbon dioxide emissions of a raw material or product determined by matching the fuel type listed in the column ''SOURCE CATEGORY ACTIVITY / RAW MATERIAL / PRODUCT'' in Table 3 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''**CO_2/tonne product**'' of that table;

(cc) **"M"** represents the methane emissions of a raw material or product determined by matching the fuel type listed in the column ''SOURCE CATEGORY ACTIVITY / RAW MATERIAL / PRODUCT'' in Table 3 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''**CH_4/tonne product**'' of that table;

(dd) **"N"** represents the Nitrous Oxide emissions of a raw material or product determined by matching the fuel type listed in the column ''SOURCE CATEGORY ACTIVITY / RAW MATERIAL / PRODUCT'' in Table 3 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''**N_2O/ tonne product**'' of that table;

(ee) **"H"** represents the Hexafluoroethane (C_2F_6) emissions of a raw material or product determined by matching the fuel type listed in the column ''SOURCE CATEGORY ACTIVITY / RAW MATERIAL / PRODUCT'' in Table 3 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''**C_2F_6/tonne product**'' of that table;

(ff) **"T"** represents the carbon tetrafluoride (CF_4) emissions of a raw material or product determined by matching the fuel type listed in the column ''SOURCE CATEGORY ACTIVITY / RAW MATERIAL / PRODUCT'' in Table 3 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''**CF_4/tonne product**'' of that table; and

(gg) **"S"** represents the Sulphur hexafluoride (SF_6) emissions of a raw material or product determined by matching the fuel type listed in the column ''SOURCE CATEGORY ACTIVITY / RAW MATERIAL / PRODUCT'' in Table 3 of Schedule 1 with the number in the corresponding line of the column ''**SF_6/tonne product**'' of that table.

Rate of tax

5. (1) The rate of the carbon tax on greenhouse gas emissions must, subject to subsections (2) and (3), be imposed at an amount of R120 per ton carbon dioxide equivalent of the greenhouse gas emissions of a taxpayer.

(2) The rate of tax specified in subsection (1) must be increased by the amount of the consumer price inflation plus two per cent for the preceding tax period as determined by Statistics South Africa per year until 31 December 2022.

(3) The rate of tax must be increased after 31 December 2022 by the amount of the consumer price inflation for the preceding tax year as determined by Statistics South Africa.

Calculation of amount of tax payable

6. (1) Subject to subsection (2), the amount of tax payable by a taxpayer in respect of a tax period must be calculated in accordance with the formula:

$$X = <\{[(E - S) \times (1 - C)] - [D \times (1 - M)]\} + \{P \times (1 - J)\} + \{F \times (1 - K)\}> \times R$$

in which formula—

(a) **"X"** represents the amount to be determined that must not be less than zero;

(b) **"E"** represents the number in respect of the total fuel combustion related greenhouse gas emissions of the taxpayer in respect of that tax period expressed as a carbon dioxide equivalent determined in terms of section 4(1) or (2)*(a)*;

(c) **"S"** represents the number in respect of greenhouse gas emissions, expressed in terms of carbon dioxide equivalent that were sequestrated in respect of that tax period as verified and certified by the Department of Environmental Affairs;

(bb) **"C"** die koolstofdioksiedvrystellings van 'n grondstof of produk verteenwoordig bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom "BRON KATEGORIE AKTIWITEIT/ GRONDSTOF/ PRODUK" in Tabel 3 of Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom "**CO_2/ton produk**" van daardie tabel;

(cc) **"M"** die metaanvrystellings van 'n grondstof of produk verteenwoordig bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom "BRON KATEGORIE AKTIWITEIT/ GRONDSTOF/ PRODUK" in Tabel 3 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom "**CH_4/ton produk**" van daardie tabel;

(dd) **"N"** die stikstofoksiedvrystellings van 'n grondstof of produk verteenwoordig bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom "BRON KATEGORIE AKTIWITEIT/ GRONDSTOF/ PRODUK" in Tabel 3 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom "**N_2O/ ton produk**" van daardie tabel;

(ee) **"H"** die hexafluoroetaan (C_2F_6) vrystellings van 'n grondstof of produk verteenwoordig bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom "BRON KATEGORIE AKTIWITEIT/ GRONDSTOF/ PRODUK" in Tabel 3 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom "**C_2F_6/ton produk**" van daardie tabel;

(ff) **"T"** die koolstoftetrafluoried (CF_4) van 'n grondstof of produk verteenwoordig bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom "BRON KATEGORIE AKTIWITEIT/ GRONDSTOF/ PRODUK" in Tabel 3 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom "**CF_4/ton produk**" van daardie tabel; en

(gg) **"S"** die swaelheksafluoriede (SF_6) -vrystellings van 'n grondstof of produk verteenwoordig bepaal deur die brandstofsoort gelys in die kolom "BRON KATEGORIE AKTIWITEIT/ GRONDSTOF/ PRODUK" in Tabel 3 van Bylae 1 te pas by die getal in die ooreenstemmende reël van die kolom "**SF_6/ton produk**" van daardie tabel.

Belastingkoers

5. (1) Die koers van die koolstofbelasting op kweekhuisgasvrystellings word, behoudens subartikels (2) en (3), gehef teen 'n bedrag van R120 per ton koolstofdioksied-ekwivalent van kweekhuisgasvrystellings van 'n belastingpligtige.

(2) Die belastingkoers aangewys in subartikel (1) word verhoog deur die bedrag van die verbruikersprysinflasie plus twee persent vir die voorafgaande belastingtydperk soos bepaal deur Statistiek Suid-Afrika per jaar tot 31 Desember 2022.

(3) Die belastingkoers word verhoog na 31 Desember 2022 deur die bedrag van die verbruikersprysinflasie vir die voorafgaande belastingtydperk soos bepaal deur Statistiek Suid-Afrika.

Berekening van bedrag van belasting betaalbaar

6. (1) Behoudens subartikel (2), word die bedrag van belasting betaalbaar deur 'n belastingpligtige ten opsigte van 'n belastingtydperk bereken ooreenkomstig die formule:

$$\mathbf{X = <\{[(E - S) \times (1 - C)] - [D \times (1 - M)]\} + \{P \times (1 - J)\} + \{F \times (1 - K)\}> \times R}$$

in welke formule—

(a) **"X"** die bedrag verteenwoordig wat bepaal staan te word wat nie minder as nul moet wees nie;

(b) **"E"** die getal verteenwoordig ten opsigte van die totale brandstofverbrandingsverwante kweekhuisgasvrystellings van die belastingpligtige ten opsigte van daardie belastingtydperk uitgedruk as 'n koolstofdioksied-ekwivalent bereken ingevolge artikel 4(1) of (2)*(a)*;

(c) **"S"** die getal verteenwoordig ten opsigte van kweekhuisgasvrystellings, uitgedruk in terme van die koolstofdioksied-ekwivalent wat gesekwestreer is ten opsigte van daardie belastingtydperk soos geverifieer en gesertifiseer deur die Departement van Omgewingsake;

(d) **"C"** represents a number equal to the sum of the percentages of allowances determined under sections 7, 10, 11, 12, and 13 in respect of that tax period, subject to section 14;

(e) **"D"** represents the number in respect of the petrol and diesel related greenhouse gas emissions of that taxpayer in respect of that tax period expressed as a carbon dioxide equivalent, determined in terms of section 4(1) or (2)*(a)*;

(f) **"M"** represents a number equal to the sum of the percentages of the allowances determined under sections 7, 12 and 13 in respect of that tax period, subject to section 14;

(g) **"P"** represents the number in respect of the total industrial process related greenhouse gas emissions of the taxpayer in respect of that tax period expressed as a carbon dioxide equivalent determined in terms of section 4(1) or (2)*(c)*;

(h) **"J"** represents a number equal to the sum of the percentages of the allowances determined under sections 8, 10, 11, 12 and 13 in respect of that tax period, subject to section 14;

(i) **"F"** represents the number in respect of the total fugitive greenhouse gas emissions of the taxpayer in respect of that tax period expressed as a carbon dioxide equivalent determined in terms of section 4(1) or (2)*(b)*;

(j) **"K"** represents the sum of the percentages of the allowances determined in terms of sections 7, 9, 10, 11, 12 and 13 in respect of that tax period, subject to section 14; and

(k) **"R"** represents the rate of tax prescribed under section 5:

Provided that where the number in respect of the determination of the expression ''**(E-S)**'' in the formula is less than zero, that number must be deemed to be zero.

(2) The amount of tax payable by a taxpayer in respect of the generation of electricity from fossil fuels in respect of a tax period must be calculated in accordance with the formula:

$$\mathbf{X = A - B - C}$$

in which formula—

(a) **"X"** represents the amount to be determined that must not be less than zero;

(b) **"A"** represents the amount of tax payable in respect of a tax period determined in terms of subsection (1);

(c) **"B"** represents the renewable energy premium in respect of a tax period, from the commencement of the tax period until 31 December 2022, constituted by an amount expressed in Rand determined by the Minister by notice in the *Gazette*; and

(d) ''**C"** represents an amount equal to the environmental levy contemplated in respect of electricity generated in the Republic in Section B of Part 3 of Schedule 1 to the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), paid in respect of a tax year, until 31 December 2022.

(3) For the purposes of this section **"sequestrate"** means the process of storing a greenhouse gas or increasing the carbon content of a carbon reservoir other than the atmosphere.

Part II

Allowances

Allowance for fossil fuel combustion

7. (1) A taxpayer that conducts an activity in respect of fuel combustion emissions that is listed in Schedule 2 in the column ''Activity/Sector'' must receive an allowance in respect of those emissions, determined in terms of subsection (2).

(2) The percentage of the allowance referred to in subsection (1) must be calculated by matching the line in which the activity is contained in the column ''Activity/Sector'' with the corresponding line in the column ''Basic tax-free allowance for fossil fuel combustion emissions %'' in Schedule 2 of the total percentage of greenhouse gas emissions in respect of a tax period in respect of that activity.

(d) **"C"** 'n getal verteenwoordig gelyk aan die som van die persentasies van toelaes bereken kragtens artikels 7, 10, 11, 12 en 13 ten opsigte van daardie belastingtydperk, behoudens artikel 14;

(e) **"D"** die getal verteenwoordig ten opsigte van die petrol- en dieselverwante kweekhuisgasvrystellings van daardie belastingpligtige ten opsigte van daardie belastingtydperk uitgedruk as 'n koolstofdioksied-ekwivalent, bereken ingevolge artikel 4(1) of 4(2)*(a)*;

(f) **"M"** 'n getal verteenwoordig gelyk aan die som van die persentasies van die toelaes bepaal kragtens artikels 7, 12 en 13 ten opsigte van daardie belastingtydperk, behoudens artikel 14;

(g) **"P"** 'n getal verteenwoordig ten opsigte van die totale industriële prosesverwante kweekhuisgasvrystellings van die belastingpligtige ten opsigte van daardie belastingtydperk uitgedruk as 'n koolstofdioksied-ekwivalent bereken ingevolge artikel 4(1) of 4(2)*(c)*;

(h) **"J"** 'n getal verteenwoordig gelyk aan die som van persentasies van die toelaes bepaal kragtens artikels 8, 10, 11, 12 en 13 ten opsigte van daardie belastingtydperk, behoudens artikel 14;

(i) **"F"** die getal verteenwoordig ten opsigte van die totale vlugtige kweekhuisgasvrystellings van die belastingpligtige ten opsigte van daardie belastingtydperk uitgedruk as 'n koolstofdioksied-ekwivalent bepaal ingevolge artikel 4(1) of (2)*(b)*;

(j) **"K"** die som van die persentasies verteenwoordig van die toelaes bepaal ingevolge artikels 7, 9, 10, 11, 12 en 13 ten opsigte van daardie belastingtydperk, behoudens artikel 14; en

(k) **"R"** die belastingkoers verteenwoordig voorgeskryf kragtens artikel 5:

Met dien verstande dat waar die getal ten opsigte van die bepaling van die uitdrukking "**(E-S)**" in die formule minder as nul is, daardie getal geag word nul te wees.

(2) Die bedrag van belasting betaalbaar deur 'n belastingpligtige ten opsigte van die opwekking van elektrisiteit van fossielbrandstof ten opsigte van 'n belastingtydperk word bereken ingevolge die formule:

X = A - B - C

in welke formule—

(a) **"X"** die bedrag verteenwoordig wat bepaal staan te word wat nie minder as nul moet wees nie;

(b) **"A"** die bedrag van belasting betaalbaar verteenwoordig ten opsigte van 'n belastingtydperk bereken ingevolge subartikel (1);

(c) **"B"** die hernubare energiepremie verteenwoordig ten opsigte van 'n belastingtydperk, vanaf die aanvang van die belastingtydperk tot 31 Desember 2022, saamgestel deur 'n bedrag in Rand uitgedruk bepaal deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*; en

(d) "**C"** 'n bedrag verteenwoordig gelyk aan die omgewingsheffing beoog ten opsigte van elektrisiteit opgewek in die Republiek in Artikel B van Deel 3 van Bylae 1 by die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet. No. 91 van 1964), betaal ten opsigte van 'n belastingjaar, tot 31 Desember 2022.

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken **"sekwestreer"** die proses van die opberg van 'n kweekhuisgas of vermeerdering van die koolstofinhoud van 'n koolstofreservoir buiten die atmosfeer.

Deel II

Toelaes

Toelae vir fossielbrandstofverbranding

7. (1) 'n Belastingpligtige wat 'n aktiwiteit uitvoer ten opsigte van brandstof-verbrandingvrystellings wat in Bylae 2 in die kolom "Aktiwiteit/Sektor" gelys is, ontvang 'n toelae ten opsigte van daardie vrystellings, ingevolge subartikel (2) bepaal.

(2) Die persentasie van die toelae vermeld in subartikel (1) word bereken deur die reël waarin die aktiwiteit vervat is in die kolom "Aktiwiteit/Sektor" by die ooreenstemmende reël in die kolom "Basiese belastingvrye toelae vir fossielbrandstof verbrandingvrystellings %" in Bylae 2 te pas by die totale persentasie van kweekhuisgasvrystellings ten opsigte van 'n belastingtydperk ten opsigte van daardie aktiwiteit.

Allowance for industrial process emissions

8. (1) A taxpayer that conducts an activity in respect of industrial process emissions that is listed in Schedule 2 in the column ''Activity/Sector'' must receive an allowance in respect of those emissions, determined in terms of subsection (2).

(2) The percentage of the allowance referred to in subsection (1) must be calculated by matching the line in which the activity is contained in the column ''Activity/Sector'' with the corresponding line in the column ''Basic tax-free allowance for process emissions %'' in Schedule 2 of the total percentage of greenhouse gas emissions in respect of a tax period in respect of that activity.

Allowance in respect of fugitive emissions

9. (1) A taxpayer that conducts an activity that is listed in Schedule 2 in the column ''Activity/Sector'' must receive an allowance in respect of fugitive emissions in a percentage determined in terms of subsection (2).

(2) The allowance referred to in subsection (1) must be determined by matching the line in which the activity is contained in the column ''Activity/Sector'' with the corresponding line in the column ''Fugitive emissions allowance %'' in Schedule 2 in respect of the total percentage of greenhouse gas emissions in respect of the tax period in respect of that activity.

Trade exposure allowance

10. A taxpayer that is liable for the carbon tax in respect of greenhouse gas emissions must receive an allowance up to a maximum of ten per cent in respect of trade exposure as measured by value of exports plus imports divided by the total production by sector or subsector that must be determined in a manner prescribed by the Minister by regulation.

Performance allowance

11. (1) A taxpayer that has implemented measures to reduce the greenhouse gas emissions of that taxpayer in respect of a tax period must receive an allowance in respect of that tax period not exceeding five per cent of the total greenhouse gas emissions of that taxpayer during that tax period, determined in accordance with the formula:

$$Z = (A / B - C) \times D$$

in which formula—

(a) **"Z"** represents the percentage to be determined that must not be less than zero;

(b) **"A"** represents—

